

24 Julie

Skrifgedeelte: Job 36:22-33

Fokusgedeelte: Job 36:31

Moenie God se werk probeer ontleed nie

Daar is by meeste mense meer vrae in hulle lewens as antwoorde. Oplossings vir al ons probleme moet ons by God gaan soek. Maar, pas op om iemand anders se lewe te wil ontleed en sondes by ander te soek.

Job se vriende, wat hom probeer troos, wil hom ontleed deur 'n sonde by hom te soek. In Job 36 wil Elihu vir Job wys op God se wonderdade en sy groot mag. Hy gaan uit van die gedagte dat goeie dinge gebeur met goeie mense en slegte dinge met slegte mense. En niemand kan van Hom rekenskap vra nie, want God is so groot dat ons nie sy grootheid en optrede kan begryp nie. Hy doen teenoorgestelde dinge. Hy gee reën en laat dit opklaar. Hy straf en oordeel, maar hy gee ook kos in oorvloed. Elihu beklemtoon in sy hele gesprek dat Job die toorn van God beleef.

Ons is gelukkig om God anders te ken. Ons ken Hom in sy liefde en genade oor ons, want sy toorn het Hy op Jesus laat neerkom aan die kruis, sodat ons sy versorging in oorvloed mag ervaar.

Onthou in donker tye wat jy beleef dat ons God nie volkome kan ken nie. Al die antwoorde sal ons nie nou kry nie. Maar gaan alles tegemoet met die sekerheid – God regeer en Hy laat alles vir ons ten beste gebeur.

Sing: Ps. 99:1, 2 (Totius)

Ds LM Kruger (Uitenhage)